Ons as mens in YAHUSHUA se voetspore

G. J. du Preez 072 1876 076

Ons as mens in YAHUSHA se voetspore

Om die Koninkryk van die hemele te kan beërwe moet ons rein van hart, vrede-makers en sagmoedige mense wees; Wat barmhartigheid en geregtigheid kan nastreef (*Matt.22:37-39 Ons moet die pad bo alle paaie bo-op 'n berg wees*). Ons moet die sout van die aarde en die lig van die wêreld kan wees (Matt.5:13, 14). Die pad in voorbereiding was deur ons Losser reeds bewandel en volmaak nagelaat vir ons as Sy kinders (Matt.1:21). Die adder geslag het dit gesien en hulle sidder daarvoor (Matt.3:7). Hulle het gehoor dat hulle as onkruid of bome wat doelloos daar staan, ontwortel sal word (Matt. 3:10). Die duiwel 'soos ons weet' het hard probeer om YAHUSHA dié Gesalfde te verlei en het die versoeking laat vaar (Matt.4:4, 7, 10).

Die eerste treë wat ons nou moet gee is:

(1) Erkenning: Dat YAH / YAHUSHA die Gesalfde is
(2) Bekering: Is omdraai in die rigting wat ons loop (terugkeer na YAH)
(3) Inkering: Om Wetsoortreding besef te hê Matt.4:17
(4) Doop: Afwassing van Wet-oortredinge (Onderdompeling)

Daar moet nou in die harte 'n groot begeerte ontketen om die eerste tree te gee na YAHUSHA en Sy Glansrykheid (Matt.6:6, 16). Ons word gewaarsku dat daar net een weg is en dat YAHUSHA nie verskillende weë bygevoeg het nie, maar die duiwel wat homself kan vermom as 'n 'kind van die lig' sal wil hê dat jy sy weg moet volg. Besef die "voete" wat vir ons die pad gebaan het vanaf die hemele oor die aarde tot in die nuwe Jerusalem (Matt.5:34-35). Bid gereeld en aanhoudend dat die verborge spore op die pad sigbaar kan bly vir jou (Matt.6:6, 9-13). Bid sodat jy waarlik kan sien en dat nie net jou oë, maar jou hele liggaam verlig mag wees (Matt.6:22). Broers let tog op na die spoor wat getrap is: Is dit 'n Mens s'n of 'n bok s'n? (Matt.7:6, 15). Wees weereens gewaarsku dat die weg van jou nie daar ontstaan het deur eie wil nie, maar VADER s'n (Matt.7:21-23). Soek na vrede in jouself en jou mense, maar moet nooit vrede verkondig aan almal nie, want YAHUSHA het die swaard gebring, nie vrede nie (Matt.10:34). Onthou die taak wat jou opgelê was "op die weg". Neem jou paal op, help jou mede-Yashar'EL, bly weg van die heidene en hulle pad (Matt.9:13; 10:5-8). Soos YAHUSHA dit duidelik vir ons stel in Sy verborge dinge sal daar twee te voorskyn kom naamlik VADER en die duiwel s'n Matt.11:25-27.VADER se verborgenhede sal deur YAHUSHA se wil aan ons geopenbaar word, maar die duiwel s'n sal deur sy kinders of navolgers geopenbaar word (Matt.12:10-11, 35). Wees opreg en sorg dat die pad suiwer bly sodat die nodige respek na VADER gaan. Onthou as jy jou hand uitgesteek het sal VADER jou aansien en jou red. 'n Gees vervulde hoef nie bang te wees op sy aardse pelgrimsreis nie (Hand.12:11. Matt.18:7, 10, 20).

Om af te sluit: Die erkenning, bekering, inkering, geboorte van bo, geloof, geskiedenis en die onderhouding van die groot gebod nl.: "Jy moet YAH jou Skepper liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand" (Deut.10:12; 30:2; Luk.10:27; Mark.12:30).

YAHUSHA se gebed. Joh.17

YAHUSHA bid dat VADER Hom nou moet vat vir die doel waarvoor Hy Hom gestuur het sodat dit kan gebeur wat VADER behaag, en sodat Hy Sy doel in YAHUSHA kan volbring. YAHUSHA erken die mag oor alle vlees wat Hy ontvang het. Hy erken VADER se Wil en doel met die mens om die ewige lewe vir hulle deur Hom voor te berei. YAHUSHA vra vir VADER dat die lofwaardigheid en lofprysing wat Hy gehad het (*voor die aarde geskape was*) "KONINGSKAP" saam met VADER weer na Hom kan terugkeer. YAHUSHA noem aan VADER dat Hy SY wil en opdragte uitgevoer het wat Hy van Hom ontvang het. Sy Dissipels en die mens het erken dat Hy, YAHUSHA, van VADER kom. YAHUSHA se gebed gaan slegs uit na die volk waarvoor Hy gestuur is (*Die opdragte en doelstellings wat Hy ontvang het van VADER is nie vir ander volkere bedoel nie*). YAHUSHA loof en prys VADER dat Hy in Hom is en alles wat Hy ontvang van VADER af kom en dat Hulle een is (*So loof en prys die volk Hom ook daarvoor*). YAHUSHA weet dat Hy na VADER moet gaan en dat Hy Sy geliefdes wat Hy ontvang het moet agterlaat en dat hulle nog onder baie druk gaan verkeer; Hierdie rede bid Hy dat VADER hulle (Yashar'EL) oë en verstand sal ontvanklik maak dat hulle die "Eenheid" sal besef en dat hulle daar kan ingaan. YAHUSHA het vir Yashar'EL VADER se Woord openbaar en daarom haat die ander volkere hulle nou (*Jaloers*). Die andere het tot die besef gekom dat YAHUSHA afsydig en afsonderlik net met Sy mense praat en geleer het. 'n Geweldige jaloesie het opgebou teenoor Sy uitverkorenes. YAHUSHA weet wat deur hulle jaloerse harte gaan en wat hulle met Sy volk gaan doen. YAHUSHA vra daarom beskerming teen hulle bose gedagtes. YAHUSHA erken 'n paar maal dat die uitverkore volk wat VADER aan Hom gegee het "kinders van die Lig " is en nie kinders van die duisternis is nie (wêreld). Omrede hulle die teenoor-gestelde as die andere is, is hulle maklik uitstaan-baar; Daarom stuur YAHUSHA Sy dissipels onder die ander volke in om hulle te gaan haal na die waarheid.

YAHUSHA het die mag by VADER gekry om Homself af te sonder sodat Hy dié kan reinig wat Hy ontvang. Deur YAHUSHA gaan VADER andere ook nou kan reinig/afsonder. YAHUSHA het baie gebid vir eenheid in Sy volk en dat hulle dit kan verstaan waar die eenheid begin en voleindig. YAHUSHA bid ook dat die ander volkere se oë ook sal oopgaan teenoor Sy volk, dat hulle Hom en hulle kan vereer as die ware (Yashar'EL) uitverkore volk en al die eer aan VADER sal gee. YAHUSHA vra dat ons as Yashar'EL hom sal volg en Hom kan sien in Sy glans, glorie en heerskappy. YAHUSHA noem dat al die volkere op aarde VADER nie geken of werklik geglo het voordat Hy hulle begin leer het nie. YAHUSHA noem dat hulle wel vir Hom wat die Seun is, herken het as die gestuurde van VADER. YAHUSHA het in Sy gebed bevestig dat Hy VADER se Naam, dié Koninkryk Hul Eenheid so ook die Liefde en verborge dinge aan ons bekend gemaak het (Matt.17:5).

Pleidooi

YAH “Seun van VADER” wat ontvang het by VADER. U wat geskep en geskape het met 'n soeke in U hart. U het in een die asem van dié Lewe ingeblaas. U het 'n vriend gekry en aan hom beloftes en geloftes gemaak. U het sy kind liefgehad. U het twaalf stamme daar gestel, en uit Egipte het U hulle gehaal. Moedswillig was die nageslag, maar tog het U hulle vermeerder. Met regverdige tug het U hulle gerig, maar met halsstarrigheid het hulle U teleurgestel. U het gewaarsku en die gevolge was verstrooiing. Geklaag en bittere gewente stemme hoor U, ‘Ja’ U kinders soek troos, want U is daar nie meer. Die wat na aan U hart behoort ‘hulle is oor die hele aarde te vind’; U uitverkorene in wie U siel welbehae het “dié wat U dié Gees opgelê het”.

Skuldig en in beskaming is ons as volk voor U Aangesig, die wat naby en die wat ver is in al die lande waarheen U hulle verdryf het, oor hulle ontrouheid wat hulle teen U begaan het. Wee die herders wat nie U volk opgepas het nie; Hulle het U skape verstrooi.
Geloof sy U ‘YAH’ van Yashar’EL omdat U, U volk besoek het en vir ons lossing teweeggebring het. Getuienisse het gesê: Wat is die mens, dat U aan hom dink, of die mensekind, dat U hom besoek? Min wetend het U as bloed-verwante ons kom “los”. U het dié volk besoek en oorvloedig gegee; U het ons grootliks verryk *(Die stroom van VADER is vol goedgunstigheid*). U berei ons voor vir VADER soos U berei was deur VADER. U het ons bekend gemaak wat goed is en genoem om dit te doen. In liefde betrag ons om in ootmoed te wandel met U. Kyk wat ‘n groot liefde dié VADER aan ons bewys het, dat ons seuns van VADER genoem kan word! Om hierdie rede wil die wêreld ons nie ken nie omdat VADER ons ‘uitverkies’ het.

Uit een het U twaalf aartsvaders gekies, en in twaalf stamme het hulle vermeerder. Uit Egipte het hulle gewandel; Op die ‘borskas van beslissing’ is twaalf prag stene met die aartsvaders se name daarop gegraveer en gedra. Twaalf silwerskottels, twaalf silwer komme en twaalf goue rook panne; Twaalf klippe as herdenking uit die midde van Jordaan is geneem en ‘n Altaar is gebou; Twaalf apostels het U aan ons gelaat as getuies om ons te herinner van die Nuwe stad Jerusalem, met sy twaalf poorte, twaalf fondamente (apostels) en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Yashar’EL.

YAHUSHA U ken U volk se behoeftes tot in die fynste, U vra, waarom kla hulle so; weet hulle nie dat die wat glo, VADER behaag nie; want ons wat tot VADER gaan, moet glo dat Hy “Is”, ‘n beloner vir die wat Hom soek! Dié wat sulke dinge sê en doen, verklaar dat hulle ‘n vaderland soek.
‘Nuwe Jerusalem’

Deurbreek na buite

Terwyl ek sit en wag vir iemand in ‘n voorportaal hoor ek ‘n geskarrel en geraas by die venster wat teenoor my is. Uit nuuskierigheid staan ek op en gaan ondersoek die geskarrel en vind dat dit ‘n by is wat probeer uitkom. Nie vér van die venster is ‘n oop deur waarby ek ingekom het en heel des moontlik die by ook. Die by is hard besig om te probeer uitvlieg en kan sekerlik nie verstaan hoekom hy nie kan nie, want hy sien alles daar buite, soos normaal, maar iets hou hom terug. Hy kan weer terugvlieg na die deur waar hy ingekom het, maar die deur is verder vir hom as die uitsig wat hy nou het of dalk wil hy nie meer terug gaan na die ou lewe wat hy gehad het nie (‘n verandering). Kort-kort sien ek die by val, maar dan probeer hy al hoe harder om deur die ruit te breek. Die deur staan nog steeds oop vir hom om uit te gaan, maar sy doel lê by die venster se uittog. Met al die pogings sien ek dat hy baie moeg word, want partymaal gaan hy eers rus en dan loop hy ‘n bietjie rond, voordat hy sy laaste paar trae pogings voortsit. Ek besef dat die by op pad na sy dood is en so glo die by ook moontlik. Met alles wat nou voor my afspeel, besluit ek om maar die venster oop te maak sodat hy eerder daar kan uit vlieg. Met die oopmaak het die by uitgeloop, en ek glo toe hy agterkom dat hy nou werklik buite is, het hy gewonder hoekom al daardie gespartel nodig was om uit te kom, want die ingaan was baie makliker.
Wat was sy tekorte en hoekom die gespartel? Was dit tekort aan onderrig, wysheid of beheer? In baie gevalle probeer die mens ook soos die by, deur die venster breek, (lekker lewe) vir die res van sy lewe. Deurbreek kan hulle nie en daarom val hulle maar in by die sisteem, “soos ons sê: saam met die stroom”. As jy agtergekom het dat jy nie kan deurbreek nie, breek dan weg! Kom tot die besef dat daar ‘n ander weg is soos ‘n oop venster geleentheid vir jou.

Die saam met die stroom mens:

Hulle werk gewoonlik baie jare vir ‘n firma wat sy pos en inkomste verseker. Hulle is onder toesig en word beheer deur andere. Hulle is gewoonlik baie suinig, want hulle moet bespaar vir oudag. Gewoonlik werk hulle lang ure vir meer geld om te kan belê vir die kort en lang termyn, m.a.w. hulle soek geld, gemakliker lewe, eie plesier en wil afhanklik wees. Wat hy moontlik weet of nie weet nie is dat alle werke is tydelik en die toekoms is onseker. Die soort onsekerheid maak dat jy al hoe harder wil werk. Harder werk wil langer ure hê. Langer ure beteken minder ure saam met jou kinders en familie.

Die wegbreker mens:

Erkenning van sy omstandigheid (Wetsoortreding besef) en hy neem dit en doen iets daarmee. (Bekeer en gee die vir YAHUSHA)Hy gebruik sy verstand om te dink en leef doelgerig. (Koninkryk)Hy sorg vir eie sekuriteit (YAHUSHA) en pak groot dinge aan. (Ewigheid), m.a.w. hy is onafhanklik met ‘n doel vervulde lewe. Met vrede in sy gedagte wek hy ‘n kommerlose toekoms wat geluk en voorspoed teweeg bring.

‘n Fles en ‘n glas wyn:

‘n Professor staan voor sy klas met ‘n groot glas fles en plaas dit voor hom op sy lessenaar. Hy vul die fles met drie gholf balletjies en vra sy studente of die fles vol is, met bevestiging het hulle gesê, ja!; maar die professor het toe die gevulde houer gevat en klein klippies daarin gegooi sodat die openinge tussen die gholf balletjies gevul kan word. Hy vra weer vir sy studente of die fles nou vol is, en met ‘n tweede bevestiging sê hulle, ja!. Die prof. vat toe sand en gooi dit ook in die gevulde fles, sodat die oop spasies tussen die klippies en die balletjies gevul kan word. Hy vra hulle dieselfde vraag en met oortuiging antwoord hulle dat daar nou geen plek in die fles meer is nie. Toe vat hy ‘n bottel wyn en vul die fles verder met die wyn, want daar was nog steeds oop spasies tussen die sand, klippies en die gholf balletjies.
Hy antwoord hulle: Die fles is jou liggaam en jou lewe. (1)Die eerste ding om te doen is erken dat YAH, YAHUSHA die Gesalfde is. Bekeer (draai om) jou nou na Hom. Kom tot inkering (oortredings besef en belydenis). Word gedoop (afwassing van wets-oortredinge). Nou is die bottel mooi skoon en leeg. (2) Die gholf balletjies is die belangrikste in jou lewe omdat dit VADER, en YAHUSHA Sy Seun is. (3) Die klein klippies is jou familie, jou gesin, jou gesondheid en die nuwe vriende kring. (4) Die sand is die alledaagse dinge en kwellinge. As jy die proses omdraai dat jy die sand eerste in die bottel ingooi tot hy gevul is sal daar nie meer plek wees vir die balle en sand nie. Dieselfde in ‘n mens se lewe. Die daaglikse dinge en kwellinge hou die ongeredde mens so besig dat hy geen ander tyd vir YAHUSHA en vir sy eie mense het nie. Sy energie spandeer hy op klein dingetjies en sal hy nooit ruimte hê vir die belangrike nie. Hy hou geen huis erediens nie, speel nooit meer met sy kinders nie en vat nie meer sy vrou uit nie.

Sorg eers vir die gholf-balletjies in jou lewe dan die klippies, en die sand moet maar net inval. Een van die studente vra, wat van die “wyn” wat laaste ingegooi is! Die prof. antwoord met ‘n glimlag en sê: Alles wat julle nou gehoor het is belangrik, daarom is dit soos ‘n dam wat sonder water is en jy draai die kraan oop om water te verwag. Jy saai die saad en gee geen water nie, hoe sal die saad kan ontkiem en groei? Jy plaas ‘n krip daar sonder voer, hoe kan die dier gevul word? Daarom as YAHUSHA nie natmaak met Lewende water nie, sal jy as ‘n nuut geborene van bo, nooit groei nie.

Wie het boosheid geskep.

‘n Professor aan ‘n universiteit het ‘n vraag aan sy klas gestel: “Het YAH alles geskep?” ‘n Student het geantwoord: “Ja.” Die professor antwoord: “As YAH alles geskep het, dan het Hy boosheid ook geskep. Aangesien ons werke definieer wie ons is, dan is YAH boos, nie waar nie”? Die klas het stil geword. Skielik het ‘n ander student sy hand opgesteek en gevra: “Professor, bestaan donkerheid?” Die professor sê toe “Ja.” En die student sê toe: “Nee, Professor, donkerte bestaan nie. Donkerte is slegs die afwesigheid van lig.

Ons kan lig bestudeer, maar nie donkerte nie. Om die waarheid te sê, ons kan Newton se prisma gebruik om wit lig in baie kleure op te breek en ons kan die verskeie golf lengtes van elke kleur bestudeer. Maar jy kan nie donkerte meet nie. ‘n Eenvoudige ligstraal kan in die wêreld van donkerte inbreek en dit verlig. Hoe kan jy weet hoe donker ‘n sekere plek is? Jy meet dit teen die hoeveelheid lig wat teenwoordig is. Donkerte is ‘n term wat deur die mens gebruik word om te beskryf wat gebeur as daar geen lig teenwoordig is. Toe vra die jongman: “Professor, bestaan boosheid”? Nou, onseker van homself, het die Professor geantwoord: “Natuurlik”. Daarop sê die jongman: “Nee, boosheid bestaan nie, Professor, of dit bestaan nie op sigself nie. Dit is eenvoudig die afwesigheid van YAH. Dit is net soos donkerheid, ‘n woord wat die mens geskep het om die afwesigheid van lig te beskryf. YAH het nie boosheid geskep nie. Dit is die resultaat van wat gebeur wanneer die mens nie YAH se Liefde in sy hart teenwoordig het nie. Boosheid is soos die koue wat kom as daar nie warmte is nie, of die donkerte wat kom as daar nie lig is nie. Die Professor het gaan sit.

Ewige bestaan

‘n Mens kan nie vir ewig leef en ‘n bestaan maak op aarde, mits hy voortplant en ‘n toekoms plan het nie. Ha satan het vanaf Eva gereeld YAH se toekoms-planne deur die mens probeer uitwis. Ha satan het met sy toekomsplanne by Eva begin. Eva het twee seuns gebaar waarvan die een Ha satan s’n was en die ander aan Adam behoort het. Ha satan se seun Kain slaan Abel (*Adam se seun*) dood, want Abel was soos Adam ‘n bedreiging vir hom. M.a.w. Kain wat in die ‘duisternis’ is wil Abel wat in die ‘Lig’ is afskakel. Ha satan se doel was om gereeld die voortplanting van dié wat in die Lig gebore word, te stop. Ha satan se ewige bestaan kan slegs verseker wees deur ‘n nageslag vir hom daar te stel; Dié nageslag van Ha satan wou dié ‘Adam’ uitwis/verbaster sodat YAH die Seun van VADER nie kon gebore word nie. Na Kain het die ‘seuns’ van VADER omgang gehad met Adam se dogters. So ook was daar weer die twee broers, Esau en Jakob. Die een broer Esau, het YAH gehaat en Jakob het Hy lief gehad (*Eers daar gelaat*).

Ek sluit:

Dié Ewige lewe (VADER) het SY onbekende-ontstaan van lewe wat reeds daar was. VADER het verskillende lewens geformeer en orde ingestel oor die heerskappy daarvan. YAH (*Seun van VADER*) het met die skepping verskillende lewens geskep; voëls wat kan vlieg, wilde diere van die veld, kruipende diere, vee en laastens die mens. Swart en geel kruipende diere is geskep wat goed in YAH se oë was; waarvan Ha satan op sy beurt hulle gebruik en misbruik het deur verbastering (Kain en die seuns van VADER). Ha satan het soveel onreinheid op aarde aangevang dat YAH besluit het dat Hy alles wou tot niet maak. YAH het Noag in guns aangesien en deur hom die mens in ‘n suiwer ras laat voortleef. Geneties het YAH die mens en die andere daar gestel sodat reinheid makliker vir die mens kan wees (skeiding).

Ns.:
(Volkere het ontstaan en die wit geskape volk het hulle eie genetiese gedrag eienskappe gehad weens YAH se orde. Sonder die eienskappe sou die geskapenes leweloos of dood gewees het. Met dié eienskappe het elke ras sy eie kultuur en lewens-patroon wat gevolg kan word. Die ontstaan van die genetiese gedrag eienskap, kom in die bloed voor wat geërf word van die voorouers. So, die natuurlike-wette waardeur die rasse uitgeken en beheer word, is deur hulle openbaring van hulle gedrag-patroon. Alle eienskappe kom dus van binne die liggaam; dit laat hom goed voel, wat gewoonlik positief is vir die liggaam, of dit laat hom geskok voel, wat nadelig is vir die liggaam. Wanneer die menslike liggaam in 'n onnatuurlike (skadelike) situasie is, dan voel dit stres, woede of vrees. Wanneer die mens weer iets goed doen, voel hy gewoonlik goed oor homself. Hartseer en emosie kan die liggaam soveel skade aandoen dat dit kan sterf. Jou omstandighede kan stres en gesondheid gebrek gee, of net deur wat mense doen of nalaat om te doen.

Ons brein prosesseer die inligting van die wêreld om ons. As sake goed gaan, dan voel ons goed. Wanneer 'n situasie wonderlik is, dan voel ons wonderlik, somtyds selfs eufories. Skadelike dinge wat rondom ons gebeur, veroorsaak 'n negatiewe emosie. Die manier waarop ons liggame op hierdie gebeure reageer, is baie verskillend in verskillende rasse. Wat vir sekere rassegroep lewens-patroon is,is vir 'n ander weer walglik (*eet van huisdiere,insekte of selfs in sekere rituele waarvan hulle menslike dele eet*). Die menslike brein reageer op stimulante wat van buite prosesseer en die inligting baie vinnig stuur deur seine via die hormone van die liggaam. Die hormoon reaksie laat die persoon onmiddellik goed voel of walglik en daardeur sy maag laat saamtrek dat hy opgooi. Om verskillende of uiteenlopende lewens-patrone bymekaar te plaas, neem baie mense stimulante wat gewoonlik deur hulle dokters voorgeskryf is. Baie vergiftig hulle brein met allerhande soorte dwelms net om aan te pas of saam met die stroom te kan wees.
Jy as ouer moet die kind bystaan, hetsy ondersteuning of berisping nodig is. Hou jou kind dop en kyk waardeur hulle ook mag gaan. Sonder keuse van die kind word hulle in 'n skool van uiteenlopende rasse en godsdiens groepe deesdae geplaas. Ons moet onthou dat hulle die mens van môre is en dat hulle raseg moet bly sodat die ewige bestaan daar vir ons almal bereikbaar sal bly van geslag tot geslag (*daarom doen eerder huis onderrigting Ps.33:11; Jes.51:6 – 8).*
Johannes sê in 1 Joh. 2:17 En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van VADER doen, bly vir ewig. In Jes.65:18 Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep. Soos ons lees kan ewigheid slegs daar wees deur geslag tot geslag. Luk 1:50 En sy barmhartigheid is van geslag tot geslag vir die wat Hom vrees. Dan 4:3 Hoe groot is Sy tekens, en hoe magtig Sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en Sy heerskappy is van geslag tot geslag!) *Bedink dit*